9. **VINCECAROLISSEN**—Hy en drie verdagtes word op aanklagte van moord in hegtenis geneem.
11. **BLOEDGELD**—Rebekka het, deur te sterf, die ... vir Vlaktevlei betaal.
17. **OOSASIË**—Mario sê vir Leendra dat Samuel tans in ... is.
18. **KOOP**—Mario wil Vlaktevlei ... .



## AFDELING C: PROSAKOMPONENTE

### TOETS JOUSELF! (bl. 64–65)

1.	F.
2.	J.
3.	P.
4.	N.
5.	L.
6.	O.
7.	A.
8.	M.
9.	T.
10.	S.
11.	G.
12.	R.
13.	C.
14.	H.
15.	D.
16.	I.
17.	E.
18.	K.
19.	Q.
20.	B.

## AFDELING D: KONTEKSTUELE VRAE

### Memorandum

HOOFSTUK 1 – bl. 11 in roman/bl. 83 in studiewerkgids		
1.1 [1]	Oom Bontie (sy naam is afkomstig van sy van, Bonthuys) is ant Sweetie se man. ✓	(1)
1.2 [3]	Sy is baie nuuskierig. ✓	(1)
1.3 [4]	Ant Sweetie is negatief omdat Phil nooit met Leendra kontak gehad het toe sy in die tronk was nie en nou kom hy vrolik voor. Hy is nie opreg in sy optrede en gevoelens nie. ✓✓	(2)
1.4 [2]	Hy weet die waarheid omtrent Leendra se ouers se dood, en kontak met haar sou hom bly herinner het aan sy wreedaardige daad. ✓	(1)
1.5 [2]	Hy werk vir Phil van Tonder se soutmyn. ✓	(1)
1.6 [2]	Oom Bontie tree op as vertroueling en 'n pa-figuur vir Leendra. Hy luister met 'n sagte hart en kyk met sagte oë na haar. Hy gee raad en bring haar tot belangrike insigte. Hy verskaf inligting omtrent Samuel. Hy bied vir haar 'n veilige hawe waar sy kan kom kuier en waar sy gemaklik kan wees. Hy is	

	'n tritagonis wat in belang van die hoofkarakter optree. Hy bly getrou aan haar van die begin tot aan die einde.	(4)
1.7 [3]	Dis 'n troetelnaam wat op liefde dui. Hulle ken mekaar baie goed en hulle is baie gemaklik met mekaar – amper soos 'n broer en suster. vV	(2)
1.8 [2]	Mara is Lucia van Tonder se ma. v Sy is 'n ryk weduwee van oorlede Abraampie. v Sy tree baie onbeskof teenoor Leendra op. v	(3)
1.9 [2]	Boeta is lief vir Sielie, maar beseft dat 'n romantiese verhouding nie juis moontlik is terwyl sy verstandelik en emosioneel op die vlak van 'n baie jonger kind funksioneer. Dit frustrer hom. Sielie is ook baie lief vir Boeta en ondersteun hom in sy werk. Hulle geniet die saamwees. Boeta is vies wanneer Sielie nie behoorlik optree nie, want hy wil so graag hê sy moet meer as net 'n vriendin vir hom wees. Die moontlikheid van 'n romantiese verhouding ontstaan egter wanneer Sielie haar geheue terugkry en sy nie meer hikkel nie. Dit dui op 'n volwassewording wat ingetree het. vVv	(3)
1.10 [4]	Ant Sweetie is onseker oor wat die herontmoeting sal oplewer en die herhaling in die woorde “Ek weet nie” en “... weet ek nie” beklemtoon haar hulpeloosheid om te bepaal wat die toekoms mag oplewer. Sy is onseker oor die pad wat vir dié twee susters en hul geliefdes voorlê, want ná sewe jaar het baie dinge verander. vV	(2)
1.11 [3]	Sewe is die volmaakte getal. Die sewe jaar wat Leendra in die tronk deurgebring het, was egter nog nie genoeg om haar die vrede en vryheid te besorg waarna sy so smag nie. Tog impliseer dit moontlik dat Leendra gereed is om met die verlede gekonfronteer te word en dat sy nie op ou weë sal terugval nie, maar 'n pad sal begin stap wat heelwording, vryheid en vrede kan bring. Die volmaakte tree dan ook in wanneer sy Samuel ontmoet en dit duidelik word dat sy 'n toekoms met hom kan bou. Die waarheid omtrent haar ouers se dood kom ook uit en Leendra kan nou na die volmaakte in alle aspekte van haar lewe begin streef. vVv	

		(3)
1.12 [1]	'n Derdepersoonsverteller is in hierdie gedeelte aan die woord. v	(1)
1.13 [3]	Ons lei af dié tannie is lief en dierbaar. v	(1)

[25]

HOOFSTUK 2 – bl. 35 in roman/bl. 85 in studiewerkgids		
1.1 [1]	Kêppies Killian v	(1)
1.2 [3]	Aangesien hierdie verhaal oorspronklik as televisiereeks geskryf is, gebruik die skrywer 'n eerstepersoonsverteller om episodiese tydspronge in die verhaal te oorbrug. Die verteller se dialoog word kursief geskryf om dit van die verhaaltteks te onderskei.  Hy is al 'n ou inwoner en kan vooraf-gebeure en baie persoonlike menings verskaf. Hy vertel ook wat hy by ander karakters gehoor het, omdat sy eie waarnemings beperk is. Die “skinder-tegniek” word ingespan, wat tipies van 'n kontreistorie is. vvvv	(4)
1.3 [4]	Oom Kêppies se taal word foneties geskryf. Die leser lei uit die verteller se uitspraak en woordgebruik af dat hy 'n bruin inwoner van Vlaktevei is. Hy gebruik die verledetydsvorm in sy vertellings. Sy Weskusafrikaans word gekenmerk deur 'n brei-r, eiesoortige uitspraak en sy tipiese Weskusuitdrukkings en -segswyses. vvv	(3)
1.4 [2]	Hulle tree as boodskappers op, wat belangrike inligting aan Kêppies oordra sodat hy dit weer met die leser kan deel. Hulle is dus die tussengangers tussen die karakters en die verteller. vv	(2)
1.5 [3]	Hy was 'n moeilike man met 'n humeur. Hy het nie “nonsies gevat” nie. Mense kon moontlik bang gewees het vir hom. vv	(2)
1.6 [2]	Die mense wat met haar saamgewerk het, was vir haar belangrik en sy het, soos haar pa, almal vriendelik behandel. Hulle het ook werklik in die mens belang gestel en almal op hul name aangespreek. Mense het gemaklik gevoel om hul lief en leed met hulle te deel. vvv	

		(3)
1.7 [3]	Vergelyking – Leendra het baie vinnig geloop en haar vinnige beweging word met die snelheid waarmee die wind daar waai, vergelyk. vvv	(3)
1.8 [5]	Leerder se eie mening. Waarskynlik omdat sy vir sewe jaar in die tronk was en as 'n mens so lank so vasgekeer voel, is dit natuurlik dat jy nie ingeperk wil wees nie. Sy was 'n buitelugmens. Sy het na oopheid en vryheid gesmag. vV	(2)
1.9 [3]	Die wit spasies skei die eerstepersoonsvertelling waarmee die hoofstuk begin van die verhaalgebeure (in die derdepersoon) wat dan onder op die bladsy begin. vV	(2)
1.10 [1]	Dit verwys na Leendra se tronksel in die gevangenis. v	(1)
1.11 [4]	Wit verwys na vrede en die vryheid wat Soutmansdal vir Leendra gebied het. Sy het in haar tronkjare in die donkerte geleef en het gesmag na die vryheid en vrede wat 'n lewe buite die tronk haar sou bied. vV	(2)

[25]

<b>HOOFSTUK 3 – bl. 80 in roman/bl. 86 in studiewerkgids</b>		
1.1 [1]	Hierdie gedeelte speel in Die Bont Huis af. v	(1)
1.2 [4]	Leendra sê vir oom Bontie dat sy nie vir Samuel vertrou nie, want sy weet hy wás al voorheen daar. Sy is skepties oor sy verlede en sy moontlike aandeel in haar ouers se raaiselagtige dood. Hierdie woorde bevestig Leendra se agterdogtige geaardheid – sy vertrou nie mense nie. Sy wil weet hoekom Samuel nou skielik in die Kleinkloof kamp. Sy is van plan om agter die kap van die byl te kom, want die veggeestigheid in haar wil hê die skuldige moet boet. Samuel is moontlik die skuldige. vvv	(3)
1.3 [3]	Aandagtig/Nadenkend v	(1)
1.4 [1]	'n Kenner van gesteentes v	(1)
1.5 [5]	Leerder se eie mening. Nee, waarskynlik nie, want hy speel nie oop kaarte met haar nie. Hy steek vir haar saakmakende inligting weg en dit sou my ook	

	agterdogtig maak. vV	(2)
1.6 [2]	In die Kleinkloof v	(1)
1.7 [3]	Die skrywer verwys bloot na “die ontploffing”. Dit wek nuuskierigheid by die leser – die leser wil weet waarvan gepraat word. Die gebruik van die ellips beklemtoon die uitsteltegniek. v	(1)
1.8 [3]	Phil wil voorgee dat hy dink dit is ’n tragiese, hartseer storie, maar hy was in werklikheid verantwoordelik vir die dood van Hendrik en Berta van Hellberg. Hy is skynheilig en lieg as hy wil voorgee dat hy dit tragies vind. vV	(2)
1.9 [2]	Sielie het gesien wat gebeur het, maar met die traumatiese gebeure het sy haar geheue en vermoë om behoorlik te praat, verloor. Haar verstand het by die vlak van dié van ’n 11-jarige vasgesteek. Sy was dus die ongelukkige slagoffer van hierdie treurverhaal. Sielie kon nie onthou wie vir haar ouers se dood verantwoordelik was nie. Sielie het kind gebly en verkies om haar in haar kindergedagtes en met haar poppe besig te hou. Sy was nooit weer dieselfde nie. vVvV	(4)
1.10 [3]	Ontvlugting v	(1)
1.11 [2]	Nadat haar ouers in die ontploffing gesterf het, bevind Sielie haar in haar eie verbeeldingswêreld met ’n popgesin. Sy is geestelik verwyderd van die realiteit en vind haar geluk en vrede in nie-lewende objekte wat haar nie leed kan aandoen nie. Dit is hartseer om te sien dat Sielie haar onttrek van die werklikheid. Sy is vasgevang in die gees/siel van ’n kind en tree nie volgens haar ouderdom op nie. Dis ’n jammerte dat skok hierdie uitwerking op enige mens kan hê. vVv	(3)
1.12 [2]	Leendra het in die kluis na bewyse gesoek. Toe Phil by die huis kom, toe konfronteer sy hom oor die waarheid. Dit loop uit op ’n groot onderonsie. Sielie sien toe hoe Phil Leendra wurg. Hy gryp Sielie aan die hare en Leendra slaan hom met ’n pan. Die susters hardloop uit, maar Sielie swik haar enkel en Phil haal haar in. Phil druk ’n pistool teen Sielie se kop en Boeta takel hom. Boeta word toe in die bors geskiet. vV	(2)
1.13	Leendra het nooit haar kêrel, Ferdinand, se diamante gesteel nie, maar	

[2]	Minette en Gilbert Redelinghuys het haar daarvan beskuldig. Sy is ook onskuldig skuldig bevind aan die moord op haar kêrel, Ferdinand. Sy moes vir hierdie onwaarhede sewe jaar tronkstraf uitdien. √√	(3)
-----	--	-----

[25]

<b>HOOFSTUK 4 – bl. 99 in roman/bl. 88 in studiewerkgids</b>		
1.1 [3]	Leendra; sy praat met Gilbert Redelinghuys. √√	(2)
1.2 [2]	Alhoewel Gilbert en sy ma valse getuienis teen Leendra gelewer het, voel hy eintlik baie aangetrokke tot haar. Hy erken dat hy sal aanhou om van haar te hou en dat hy eendag haar woede (“skerp bek”) met sy liefde sal tem (“doodstil soen”). √√	(2)
1.3 [1]	Vries √	(1)
1.4 [2]	Sy is openlik negatief en onbeskof. Sy behandel Sielie soos ’n misdadiger wat gevaar vir hulle almal inhou. Sy maak geen geheim van haar antagonisme jeens Sielie nie. √√	(2)
1.5 [3]	Dit is Samuel se woorde van vroeër wat Leendra in haar herinnering oproep. √	(1)
1.6 [3]	Leendra besef dat Samuel haar ma ontmoet het. Dit vuur haar vermoede aan dat hy iets van haar ouers se dood weet – of selfs daarin aandeel gehad het. √√	(2)
1.7 [3]	Leendra voel sleg dat haar kêrel nie haar ouers se goedkeuring weggedra het nie en dat sy nooit die kans gekry het om vir hulle jammer te sê dat sy destyds so dom-astrant was om nie hul kant van die saak in te sien nie. Sy sou dalk net die kans wou gehad het om ook aan haar ouers te verduidelik hoekom sy so oor Ferdinand gevoel het. Sy is spyt oor baie dinge waaroor sy nie met haar haar ouers vrede gemaak het nie. Sy besef dis nou te laat en daarom huil sy. √√√	(3)
1.8 [4]	Sy ervaar berou oor haar verkeerde optrede en ons sien haar diep liefde vir haar ouers. √√	(2)
1.9 [3]	Dit is ’n ruimtesprong. √	(1)

1.10 [2]	Gerald is verlief op Rebekka en voel skuldig omdat hy nie hierdie gevoelens mag koester nie, want hy is met Jamaina getroud. Hy is die pastoor en 'n man van God, maar sy gevoelens vir Rebekka is oorweldigend en dreig om hom van sy rein lewenspad af te dwing. Hy geniet die gevoelens wat hy ervaar, maar hy weet ook dis verkeerd. Hy is magteloos, omdat hy nie weet hoe hy uit hierdie situasie gaan kom nie. vvv	(3)
1.11 [3]	Gerald (en die leser) weet van sy gevoelens vir Rebekka, die vergadering wat by die Redelinghuise gehou is oor die lot van Vlaktevei en dat Rebekka werk by die hotel gekry het, maar Jamaina weet dit nog nie. vV	(2)
1.12 [2]	Die leser kom agter dat Gerald en Jamaina eens op 'n tyd gelukkig getroud was en hul gesinslewe saam met hul twee seuns geniet het. Die eerste teken van wrywing is gesien toe Gerald nie oopkaarte met Jamaina gespeel het oor die beroep na Atlantis nie. Hier het 'n vertrouensbreuk ingetree. Gerald raak later verlief op 'n jong vrou wat in Vlaktevei beland, Rebekka, en sy verhouding met sy vrou raak al slegter. Jamaina raak bewus van Gerald se gevoelens vir dié vrou en onttrek haar sielkundig van haar man. Dinge raak al slegter en word op die spits gedryf wanneer Rebekka veg vir haar lewe nadat sy Gerald en Jamaina se seuns se lewens gered het. Jamaina sê vir Gerald dat sy bereid is om hom te verloor as hy 'n verhouding met Rebekka wil aanknoop. Rebekka sterf en hierna word Gerald en sy vrou verenig. vvv	(4)
1.13 [5]	<p>Leerder se eie mening.</p> <p>Ja – om op 'n ander vrou verlief te raak terwyl jy getroud is, is 'n penarie en dit moet erg wees om jou in so 'n situasie te bevind.</p> <p>Nee – Gerald moes van beter geweet het as om toe te laat dat sy emosies die oorhand kry. Hy behoort hom te skaam om op 'n ander vrou verlief te raak. vV</p>	(2)
1.14 [3]	Die tema is verbode liefde. Gilbert is (volgens sy ma) nie veronderstel om op Leendra verlief te wees nie. Gerald is 'n getroude man en mag ook nie op Rebekka verlief wees nie. Hierdie karakters se gevoelens veroorsaak	

	spanning en konflik in hierdie verhaal. √√√	(3)
--	---	-----

[25]

<b>HOOFSTUK 5 – bl. 104 in roman/bl. 90 in studiewerkgids</b>		
1.1 [3]	Sielie hikkel. Die woorde word só geskryf om te wys hoe sy die letters herhaal wanneer sy die woord sê. √	(1)
1.2 [4]	Samuel deel sy onsekerheid oor sy verhouding met Leendra met Sielie. Hy is nog baie onseker oor wat die toekoms vir hulle sal inhou. In hierdie stadium van die verhaal is Patricia Redelinghuys ook nog deel van sy liefdesprentjie, maar hy is eintlik verlief op Leendra. Aan die einde van die verhaal trou Samuel en Leendra tog. √√√	(3)
1.3 [3]	Ja, hy weet nie nou hoe sake staan nie en hy kan nie Leendra se gevoelens en optrede peil nie. Daar bestaan egter 'n moontlikheid dat hul vriendskap in die toekoms kan ontwikkel. √√	(2)
1.4 [2]	Dit is die klippe wat Sielie by die ou murasie in die Agterkloof opgetel het. Dit is graniet. √	(1)
1.5 [3]	Geheime. Sielie wil nie vir Samuel sê waar sy die klippe gekry het nie en dit bly 'n raaisel. Die plek waar sy dit gekry het, hou groot moontlikhede vir Samuel in. √√	(2)
1.6 [3]	Sy sal vir Samuel gaan wys waar sy die klippe gekry het. √	(1)
1.7 [1]	Samuel het vir Sielie beskuit saam met haar koffie gegee. √	(1)
1.8 [2]	Die mooi, helder dag impliseer 'n positiewe en rustige gevoel. Leendra ervaar vrede en sy voel goed en ontspanne. √√	(2)
1.9.1 [2]	Gilbert is die rykmanseun van die hotelbaas. Leendra het destyds in die hotel gewerk en hy was verlief op Leendra. Gilbert en sy ma het Leendra vals beskuldig van diefstal en moord en sy moes daarna sewe jaar tronkstraf uitdien. √√√	(3)
1.9.2 [2]	Gilbert het vir Phil kom spreek omdat Sielie sy motor beskadig het. Phil sou vir die herstelwerk moes betaal. √√	(2)
1.10 [3]	Liefde √	(1)



1.11 [4]	<p>Leerder se eie mening.</p> <p>Ja – Phil en Lucia se huwelik het ook op die rotse beland en ’n mens sou kon aanvoer dat Sielie se toestand (en veral die rede vir haar toestand) die spanning tussen Phil en Lucia vererger het.</p> <p>Nee – dit is bloot ’n mening van iemand wat die negatiewe in alles wil sien.</p> <p>v/v</p>	(2)
1.12 [3]	<p>Sy het in die aand in die donker gang in ’n bondeltjie opgekrul teen die muur gesit. v/v</p>	(2)
1.13 [5]	<p>Nee, Sielie het geen keuse gehad omtrent waarheen sy ná die dood van haar ouers kon gaan nie. ’n Mens kan aanvoer dat sy veiliger en meer geborge sou voel in ’n ruimte waar mense met meer simpatie en liefde teenoor haar sou optree en haar sou help en ondersteun. v/v</p>	(2)

[25]

<b>HOOFSTUK 6 – bl. 115 in roman/bl. 92 in studiewerkgids</b>		
1.1 [3]	<p>Hierdie gedeelte speel af in Jamaina se kantoor (die skoolhoofkantoor) by Vlaktevlei Primêr. v</p>	(1)
1.2 [1]	<p>Vos Philander, die onderhoof van Vlaktevlei Primêr v</p>	(1)
1.3 [2]	<p>...’n Perd van ’n ander kleur v</p>	(1)
1.4 [3]	<p>’n Vos is ’n jakkals, en in die Afrikaanse idiomieskat word daar meestal na ’n jakkals, as persoonlikheidskenmerk, in ’n negatiewe lig verwys: <i>Jakkals met baie draaie</i> – ’n persoon met slim planne; <i>Hy is ’n jakkals</i> – hy is skelm; <i>Jakkalsdraaie</i> – iemand kom met ’n onderduimse plan; <i>Vol jakkalsstreke</i> – ’n persoon het baie sluwe of agteraf planne. Vos Philander het as politieke segsman vir die Vlaktevleiers opgetree, maar hom ook met agteraf, onderduimse planne besig gehou. Hy reël byvoorbeeld dat die Suidhoekers ook die Redelinghuys se vergadering moet bywoon, wat in chaos uitdraai. Hy hou politieke vergaderings by sy eie huis, en sweep die mense in sy gemeenskap op sonder dat hy al die feite bekom. v/v</p> <p><b>(Dit kan ’n korter antwoord vir twee punte hê.)</b></p>	

		(2)
1.5 [2]	<p>Die tjek wat Gilbert uitgeskryf het, is voorgehou as omkoopgeld in ruil vir Jamaina se ondersteuning. Gilbert wou hê dat sy help om Vos Philander in toom te hou en haar personeel onder beheer te hou sodat niemand negatief teenoor die Redelinghuise se beplande projek optree nie. Jamaina het vir Gilbert gesê die skool benodig sporttoerusting, maar hy het met 'n slinkse plan subtiel daarop aangedring dat die geld vir haar eie sak bedoel is. Jamaina trap in die slagat deur die geld te aanvaar. Dit veroorsaak later groot verleentheid wanneer Gilbert in die televisie-onderhoud noem dat hy onlangs 'n skenking aan die skool gemaak het. Jamaina is toe in 'n hoek gedryf, want die mense wou weet waar die geld is. Sy het die geld intussen vir persoonlike gebruik aangewend. Hierdie nare aangeleentheid lei tot Jamaina se bedanking as skoolhoof. √√√√</p>	(4)
1.6 [2]	<p>Die personeel het politieke vergaderings by Vos Philander se huis gehou en almal saamgespan om hul ontevredenheid te kenne te gee. Hulle het standpunt ingeneem en gesê hul sou veg vir die voortbestaan van Vlaktevei. √√</p>	(2)
1.7 [5]	<p>Leerders se eie mening.</p> <p>Nee – Jamaina moes van beter geweet het as om die geld vir eie gebruik te aanvaar. Dit dui op 'n oneerlike karakter.</p> <p>Ja – Gilbert het Jamaina met 'n slinkse plan gevang. Sy het wel aanvanklik gesê die skool benodig sporttoerusting. Hy het haar egter in 'n ander rigting – naamlik om die gelde vir persoonlike gebruik aan te wend – hy het die versoeking daargestel. √√</p>	(2)
1.8 [2]	<p>Hy wil graag sien dat hul beplande vakansieoord-ontwikkeling 'n sukses is. Sy het, as skoolhoof, invloed in die Vlaktevei-gemeenskap en saam met haar man (wat ook invloedryk is) kan hulle die inwoners oortuig dat die beplande ontwikkeling voordele inhou. Die inwoners van Vlaktevei het oproerig geraak en Gilbert moes 'n plan maak om dit stop te sit. Gilbert sou enigiets in sy vermoë doen om sy sin te kry en hy sou nie toelaat dat individue soos Vos Philander sy planne in die wiele ry nie. Jamaina kon hom dus help om sy droom te verwesenlik. √√√√</p>	(4)

1.9 [3]	Gerald het die deur oopgemaak. Sy het nie verwag om hom by die skool te sien nie en sy het sopas die geld van Gilbert aanvaar. √√	(2)
1.10 [1]	Gerald is Jamaina se man en die pastoor van die Vlaktevelei-gemeente. √√	(2)
1.11 [3]	Jamaina onderbreek haarself en aarsel voordat sy 'n leuen vertel. Sy het nie die onderwerp verander nie. √	(1)
1.12 [2]	Die Redelinghuise het die vorige aand 'n gemeenskapsvergadering met die Vlakteveleiers in Vlaktevelei Primêr se saal belê om hul beplande vakansieoord-projek te bespreek. Die Vlaktevelei-inwoners was baie ontevrede en het hul ontevredenheid gewys. Vos Philander het ook Suidhoekers gekry om die vergadering by te woon en die verrigtinge te ontwig. Chaos het losgebreek en die vergaderingangers het die Redelinghuise met klippe bestook en die vensters gebreek. √√√	(3)

[25]

<b>HOOFSTUK 7 – bl. 116 in roman/bl. 94 in studiewerkgids</b>		
1.1 [1]	Weskusafrikaans word gekenmerk deur: <ul style="list-style-type: none"> <li>○ 'n brei-r</li> <li>○ eiesoortige uitspraak (“onner”, “gewies”, “soes”, “gewiet”, “kompliet”) √√</li> <li>○ tipiese Weskusuitdrukkings en -segswyses: “Dit het vir my kompliet gelyk of sy gesig blink”; “Hy het sag gepraat, soos een wat nie asem het nie.” √√</li> </ul>	(4)
1.2 [1]	Die mense wat buite Vos Philander se huis was tydens die vergadering, het motorbande aan die brand gestee om hul ontevredenheid te kenne te gee. √	(1)
1.3 [3]	Die gemeenskap was kwaad en ontevrede. Daar het negatiwiteit en oproerigheid geheers. √√	(2)
1.4 [3]	Sout is 'n lewensmiddel in hierdie verhaal. Dit herinner ook aan die Bybelse verwysing “sout van die aarde”, wat benadruk dat almal te alle tye goeie, opregte mense moet wees. √√√	(3)

1.5 [3]	Dit is Pastoor Gerald se direkte woorde. Hy preek. √	(1)
1.6 [4]	<p>Leerdere se eie mening.</p> <p>Goeie besluit – hy is ’n leier in die gemeenskap en hulle moet nou saamstaan vir die behoud van hul geliefde Vlaktevelei. Die inwoners maak staat op sy leierskap en hy kan hulle nie nou in die steek laat nie.</p> <p>Slegte besluit – Gerald is veronderstel om eerstens aan die geluk en welstand van sy gesin te dink, maar sy persoonlike gevoelens meng hiermee in. Hy laat sy gesin in die steek en is selfsugtig in sy besluit. √√</p>	(3)
1.7 [3]	<p>Hy, as kaptein of leier, kan nie weghardloop (afspring) van die probleem nie.</p> <p>Die geïmpliseerde boodskap is dus dat hy hulle nie sal verlaat nie, maar sal help om Vlaktevelei se voortbestaan te verseker. √√</p>	(2)
1.8 [5]	<p>Retoriese vraag.</p> <p>Die vraag (waarop geen onmiddellike antwoord verwag word nie) is doeltreffend aangesien dit die aanhoorder onmiddellik betrek en direk konfronteer. Dit verskaf ’n intensiteit aan die vraag en die aanhoorder se reaksie daarop. √√</p>	(2)
1.9.1 [2]	Sy is teleurgesteld. √	(1)
1.9.2 [2]	Sy is teleurgesteld omdat haar man nie sy besluit eers met haar bespreek het voordat hy dit openbaar gemaak het nie. Sy het uitgesien na ’n lewe in Atlantis. √√	(2)
1.10 [5]	Sy is verras deur die nuus en daar is ’n sagtheid (en moontlik blydskap en vriendelikheid) in haar oë te bespeur. √√	(2)
1.11 [3]	Spanning/angstigheid/afwagting √	(1)

[25]

<b>HOOFSTUK 8 – bl. 124 in roman/bl. 95 in studiewerkgids</b>		
1.1 [2]	Die Western Mining-kantoor in Kaapstad √	(1)
1.2 [2]	Mario is Samuel se vennoot in die Western Mining-onderneming. √	(1)

1.3 [2]	Samuel het 'n verslag saamgestel oor die klip wat in die Kleinkloof ontdek is. Hierdie verslag is belangrik, want dit sou die moontlikheid bewys dat daar graniet in die Kleinkloof is. Indien dit die geval is, sou dit finansiële sukses en voordeel vir hul onderneming inhou. √√√	(3)
1.4 [2]	Hy is 'n Italianer en kan nie Afrikaans praat nie. Hy en Samuel praat dus Engels met mekaar. √	(1)
1.5 [3]	Mario se positiwiteit en sy nuuskierigheid √√	(2)
1.6.1 [2]	Patty √	(1)
1.6.2 [5]	Sy is die tipiese beeldskone, blonde rykmansdogter met 'n bruingebrande lyf. Sy is ook modebewus. √√	(2)
1.6.3 [2]	Hulle het 'n oppervlakkige liefdesverhouding. Patty is verlief op Samuel, maar Samuel koester gevoelens vir Leendra. Patty het vir Samuel rondgewys toe hy onlangs op Soutmansdal aangeland het. √√	(2)
1.7 [3]	Die woord is gedruk (op 'n etiket of iets dergeliks) in Samuel se liasseerkabinet. Dit is bedoel om die afdeling aan te dui waar Samuel dokumente oor die Kleinkloof geliasseer het. √ <b>(Dit kan 'n korter antwoord vir een punt hê.)</b>	(1)
1.8 [2]	Samuel het destyds met Leendra se pa ontmoet om besigheid te gesels en hy het toe foto's van die Kleinkloof en die Van Hellberg-steengroef geneem. Hy het ook foto's van Leendra-hulle se huis, die ou statige klipwoning, geneem. √√√	(3)
1.9 [3]	Samuel is verlief op Leendra en dink terug aan haar optrede toe hy pas op die dorp aangeland het. Die lag dui op positiewe gevoelens wat hy teenoor Leendra koester as hy aan haar dink. Dit wys ook dat hy alle aspekte van haar persoonlikheid geniet – selfs haar vurige woede, soos in die geval van hierdie gebeurtenis waaraan hy terugdink. √√√	(3)
1.10 [3]	Leendra se ouers is in 'n ontploffing oorlede en haar hele lewe is daardeur uitmekaargeskeur. Sy is daarvan beskuldig dat sy diamante gesteel het en haar kêrel vermoor het en is tronkstraf opgelê. Alles in haar lewe is daardie dag waarop haar ouers gesterf het, vernietig. √√√	(3)

1.11 [3]	Leendra is 'n geslote boek en laat hom nie emosioneel te naby aan haar toe nie. Sy vertel hom nie alles nie en hy weet nie altyd waar hy met haar staan nie. Dit is daarom moeilik vir hom om presies te weet hoe sy voel en wat sy dink. √√	(2)
----------	--	-----

[25]

<b>HOOFSTUK 9 – bl. 140 in roman/bl. 97 in studiewerkgids</b>		
1.1 [2]	Hierdie gedeelte speel af by die Redelinghuys se hotel. Dit is Patricia se een-en-twintigste verjaardagpartytjie. Baie vriende kuier saam. √√	(2)
1.2 [2]	Hy is nie meer so jonk soos Patricia en haar vriendinne wat wil dans en kuier nie. √	(1)
1.3 [3]	'n Uitsonderlike mooi vrou √	(1)
1.4 [2]	Leendra het pas saam met Gilbert by die partytjie opgedaag. Minette is uiters antagonisties jeens Leendra. Minette en Gilbert het destyds valse getuienis teen Leendra gelewer en Minette dink dat Leendra net moeilikheid maak waar sy gaan. Sy meen Leendra het selfs haar man probeer verlei. Sy kan nie glo Gilbert dink hoegenaamd daaraan om Leendra saam te nooi na 'n Redelinghuys-funksie toe nie, want almal in die dorp ken die geskiedenis. Sy is baie geskok, woedend en verneder. √√√√	(4)
1.5 [3]	Metafoor √	(1)
1.6 [3]	Leendra tree met selfvertroue op en wil wys dat sy niks het om weg te steek nie. Daar is 'n effense uitdagendheid in Leendra se optrede te bespeur en sy sal ten alle koste vir Minette probeer wys dat sy haar nie sal laat intimideer nie. √√	(2)
1.7 [3]	Gilbert kan gewoonlik niks in Minette se oë verkeerd doen nie en sy moedig gedurig sy optrede aan. Hier is sy die eerste keer ontevrede met iets wat hy doen. √√	(2)
1.8 [4]	Leendra se sarkasme kom duidelik na vore en sy skets op subtile manier vir 'n buitestander die atmosfeer rondom haar teenwoordigheid. Hierdie woorde mag moontlike spanning en nuuskierigheid by Mario skep. Ons lees	

	egter 'n eerlikheid en waarheid in Leendra se sarkastiese woorde raak. √√	(2)
1.9 [2]	Hy is Samuel se vennoot in die Western Mining-onderneming en hy is tans op die dorp om saam met Samuel ondersoek in te stel na die moontlikheid dat daar graniet in die Kleinkloof is. Indien dit so blyk te wees, sal dit finansiële voordele vir die hele gemeenskap inhou. √√	(2)
1.10 [2]	Sy het saam met Gilbert na die partytjie gekom omdat hy gesê het dat hy haar sal vertel wat werklik die dag van haar ouers se dood gebeur het, mits sy sy metgesel na sy suster se verjaardagpartytjie sal wees. Sy sou enigiets doen om die waarheid omtrent daardie dag se gebeure uit te vind. √√	(2)
1.11 [3]	Dit dui 'n kort stilte aan gedurende voordat Samuel Mario wat Leendra voorstel. (Daar is 'n natuurlike pouse soos wat Samuel van die een na die ander draai en hulle name uitspreek.) √	(1)
1.12 [3]	Hy is 'n galante heer. √	(1)
1.13 [3]	Mario se woorde dra baie gewig, want sy vergelyking is 'n raak beskrywing van Leendra se karakter. Leendra het baie verdriet en hartseer in haar lewe ervaar. Hy is van mening dat Leendra, hoewel sy sterk voorkom, 'n hartseer openbaar as 'n mens fyn ingestel is en haar fyn dophou. Sy probeer haar seer vir die wêreld wegsteek, maar as 'n mens haar fyn dophou, kan die seer raakgesien word. √√√	(4)

[25]

<b>HOOFSTUK 10 – bl. 149 in roman/bl. 99 in studiewerkgids</b>		
1.1 [2]	Mario en Samuel het met die Redelinghuise vergader om oor 'n prospekterpermit te onderhandel. Mario deel die Redelinghuise mee dat hulle nie meer die mineraalregte op die grond besit nie aangesien hul oupagrootjie daardie reg destyds weggeteken het. Mario en Samuel bied maksimum vierduisend rand oppervlakteuur per maand aan en die Redelinghuise het geen ander keuse as om dit te aanvaar nie. Gilbert is nie	

	baie gelukkig met die uiteinde van die samesprekinge nie. √√√	(4)
1.2 [3]	Samuel is 'n afgeronde jongman wat ingestel is op die mooi en fynere dinge in die lewe – soos goeie musiek. √√	(2)
1.3 [3]	Hy is eintlik verlief op Leendra, maar wil nie hê die fyn waarnemer, Mario, moet iets in sy houding agterkom nie. Hy is ontwykend wanneer daar oor Leendra gepraat word. Hy wil sy gevoelens dus vir Mario wegsteek. √√	(2)
1.4 [2]	Leendra is enig in haar soort – dit is raar en skaars dat 'n mens so 'n besondere meisie raakloop. Leendra het ook vele fasette aan haar persoonlikheid (gekompliseerd) en sy straal 'n hartseer en verdriet uit. √√	(3)
1.5 [3]	Dit is baie gepas, aangesien Western Mining na nuwe graniet sal soek op die plek waar Leendra se hartseerste hartseer plaasgevind het – haar ouers is hier oorlede. Hierdie naam sluit aan by die titel van die roman in die sin dat die mense na 'n droom sal delf – moontlike rykdom en voorspoed – wanneer daar na graniet gesoek word. Net soos daar ook letterlik vir graniet gedelf word, is hier ook sprake van 'n innerlike (figuurlike) soeke na vrede, wat 'n droom bly. Dit sal dus wonderlik wees indien daar iets positiefs uit dié hartseer milieu na vore kan kom. √√√	(4)
1.6 [2]	Rebekka se man, Johnny Cupido, het teruggekom Vlaktevei toe, en haar aangerand. Haar oë en lippe was geswel en daar was blou merke op haar arms. √√	(3)
1.7 [1]	Retoriese vrae √	(1)
1.8 [3]	Hierdie vrae beklemtoon Gerald se innerlike konflik. Dit betrek ook die leser by die spreker se gedagtegang sodat ons voel of ons die vrae vir onself afvra. √√	(2)
1.9 [2]	Die Groen Hokkie is 'n klein huisie oorkant Gerald se huis wat ook aan die kerk behoort. Oom Kêppies het hier gewoon. Hy het aangebied dat Rebekka en haar seun, Tommie, daar intrek toe hul op die dorp aankom. √√	(2)
1.10 [5]	Groen herinner altyd aan jaloesie. Dit is baie duidelik dat Gerald jaloers is op	



	die feit dat Rebekka se man, Johnny, weer teruggekeer het en tyd saam met haar en Tommie spandeer. vV	(2)
--	---	-----

[25]

<b>HOOFSTUK 11 – bl. 160 in roman/bl. 100 in studiewerkgids</b>		
1.1 [3]	Daardie tyd van die dag (laatmiddag) is die mooiste tyd van die dag. v	(1)
1.2 [2]	Samuel verwys na Leendra wat orrel speel. v	(1)
1.3 [5]	Leendra se gedagtes getuig van 'n aangename besef dat sy en hierdie man (Samuel) ook soos gewone mense oor gewone en sinvolle dinge kan gesels. Hul vorige ontmoetings en gesprekke was nog net met spanning en konflik gelaai en daarom is sy verras dat hulle nou soos ordentlike mense oor dinge van belang kan praat. Dis duidelik dat hul verhouding 'n verdieping bereik as hul oor hierdie soort persoonlike sake begin gesels. vVv	(3)
1.4 [2]	Samuel verwys na die feit dat die Redelinghuys se vakansieoord binnekort gaan staan waar Vlaktevlei nou is. Alles in Vlaktevlei gaan afgebreek en verwyder word. Sy woorde dui ook op 'n bekommernis oor die lot van die Vlaktevleiers. vV	(2)
1.5 [2]	Hy het gesê dat sy familie baie onlangs geld aan Vlaktevlei Primêr geskenk het. Dit het verdag geklink, aangesien niemand daarvan kennis gedra het nie. Jamaina, die skoolhoof, het egter die geld in haar persoonlike hoedanigheid van Gilbert aanvaar. Sy bedank eindelijk as gevolg van dié onaangename situasie waarin sy beland het. Dit was 'n slim plan van Gilbert om Jamaina te manipuleer sodat sy sekere individue beter in toom sal hou. Gilbert se slinkse plan het dus gewerk. (Sy het nie reggekry om enigiemand in toom te hou nie.) vVvV	(4)
1.6 [3]	Leendra bly skielik stil toe sy die motor sien wat langs die karavaan geparkeer is. v	(1)
1.7 [3]	Patty word as die tipiese oppervlakkige (kinderagtige) blondine gekarakteriseer. v	(1)
1.8 [3]	Leendra kyk na Samuel met woede in haar oë. Sy gee hom 'n baie kwaai kyk.	

	v	(1)
1.9 [3]	Leendra ervaar ook romantiese gevoelens vir Samuel en is spyt en kwaad dat hierdie kuiertjie onderbreek is. Sy is kwaad vir hom omdat Patty in sy lewe is. Sy vlug wanneer sy kwaad is en die feit dat sy die sjampanjebottel stukkend gooi, is genoeg bewys van haar innerlike woede en konflik oor haar gevoelens vir Samuel. vV	(3)
1.10 [4]	Leerdere se eie mening. Nee – sy moes eerder by Samuel en Patty gebly het sodat Patty kan beseef dat Leendra ook ’n vriendin (en selfs meer) in Samuel se lewe is. Sy sou ook só aan Samuel bewys dat sy ernstig is oor hul verdiepende verhouding. Ja – Samuel kan nie sy brood aan albei kante gebotter hê nie. Dus: Dit is nie reg dat sy die sjampanje gesteel het nie, ongeag hoe kwaad sy gevoel het. vV	(2)
1.11 [3]	Ontvlugting. Leendra vlug wanneer dinge te ongemaklik raak. Sy wil nie die realiteit vierkantig in die oë staar nie en kies dan om haar te onttrek. Dit is nie altyd die beste en regte besluit nie. vV	(3)
1.12 [3]	Die orrel bring mooi herinneringe van Leendra se ma terug en vul haar met ’n rustigheid en vrede. Dit herinner aan ’n verlede sonder probleme. Dit het positiewe denke tot gevolg en bied haar die nodige ontvlugting van die negatiewe werklikheid. vV	(3)

[25]

<b>HOOFSTUK 12 – bl. 175 in roman/bl. 102 in studiewerkgids</b>		
1.1 [2]	Gerald en Jamaina se twee seuns, Denver en Dagghie, het in die see in die moeilikheid beland en byna verdrink. Rebekka het ingedui en hul gered. vV	(2)
1.2 [2]	Hier word nie name gebruik nie. Daar word na “hy” en “hom” verwys, wat die spanning verhoog. Die herhalende gebruik van die “en” verhoog ook die spanning Die uitkoms word ook eers aan die einde van die paragraaf gegee.	

	Die leser wil aanhou lees oor die “hy” en die “hom” om uiteindelik te weet wat gebeur. Die halfrym in die laaste woorde van die paragraaf (b-alliterasie) help met ’n bestendige ritme wat die positiewe uitkoms en verligting ondersteun. √√√	(3)
1.3 [3]	Polisindeton. Die herhalende gebruik van “en” verhoog die spanning en dwing die leser amper vorentoe om verder te lees. √√	(2)
1.4 [5]	Ons kry hier ’n vermenging van verligting en angstigheid of ’n spanning. Dit is funksioneel omdat dit die atmosfeer raak beskryf. Daar is aan die een kant ’n verligting dat die kinders leef, maar tog heers daar spanning oor Rebekka se lot. ’n Verdere verligting word aangetref wanneer die nuus kom dat sy leef. √√	(2)
1.5 [2]	Pelican Bay is geleë op die alternatiewe area waar die Redelinghuys se vakansieoord gebou kan word, maar hulle voer aan dat dit miljoene sal kos om die gebied droog te lê. Die Redelinghuys het daarom besluit om Vlaktevei plat te vee om die vakansieoord daar te bou. √√√	(3)
1.6 [2]	Gerald en Leendra het ’n baie spesiale en interessante verhouding. Hulle ontmoet mekaar by die see en in die kerkie – plekke waarheen albei vlug wanneer hul wil wegkom van alledaagse probleme. Gerald tree amper vaderlik teenoor Leendra op en bemoedig haar. Hy is ’n geestelike leier en bou haar positief op. Hy is die een wat haar aanmoedig om te breek met die verlede ten einde vrede te vind. Leendra voel gemaklik by Gerald en maak haar hart teenoor hom oop. Gerald vind dit ook maklik om met Leendra te praat. √√√	(3)
1.7 [3]	Dit verwys na die “ICU” – die intensiewe hoërsorgeenheid van die hospitaal. Dit is tipiese hoe oom Képpies praat. √√	(2)
1.8 [1]	Dokter Mouton √	(1)
1.9 [2]	Gerald is verlief op Rebekka en het innerlike konflik ervaar omdat hy skuldig gevoel het teenoor sy vrou en sy gesin. Hy het ook baie spanning ervaar rondom die besluit om nie die beroep Atlantis toe te aanvaar nie. Jamaina weet van haar man se gevoelens vir Rebekka en is hartseer oor wat	

	met haar huwelik en gesin aan die gebeur is. Sy is boonop betrokke by 'n omkoopspul waar Gilbert vir haar geld gegee het om vir persoonlike gebruik aan te wend om haar te oorreed om sekere van haar personeellede by die skool onder beheer te hou. Albei die karakters is in hierdie stadium van die verhaal emosioneel stukkend. √√√	(4)
1.10 [5]	Jamaina sê sy is bereid om Gerald aan Rebekka af te staan indien hy met Rebekka in 'n verhouding wil wees. Sy is so dankbaar dat Rebekka haar kinders gered het dat sy bereid is om hom aan haar af te staan. Leeders se eie mening oor haar optrede: Haar optrede is verkeerd – sy moet veg vir haar man en die gelukkige voortbestaan van hul gesin. Haar optrede is reg – sy besef haar man het 'n ander vrou lief, is realities en nugter oor die stand van sake en deur so op te tree, gun sy almal 'n gelukkige lewe. √√	(3)

[25]

<b>HOOFSTUK 13 – bl. 217 in roman/bl. 104 in studiewerkgids</b>		
1.1 [2]	Rebekka het 'n skof by die hotel gewerk. Sy het gesterf toe 'n koeël haar tref wat eintlik vir Rudie Redelinghuys bedoel was. √√	(2)
1.2 [3]	Die vakansieoord het soos 'n paradys – 'n baie mooi plek waar almal gelukkig is – gelyk, maar oom Kêppies sê Vlaktevei was ook nou 'n goeie, mooi en gelukkige plek. Almal was tevrede en het goed gevoel oor hul blyplek. √√	(2)
1.3 [5]	Oom Kêppies sug soos hy die woord sê. Dié gebruik van die woord, in plaas van bloot “ja”, beklemtoon die effek van versugting. √√	(2)
1.4 [3]	Gemeensaamheid. In hierdie verhaal beleef ons die lief en leed van 'n gemeenskap aan die Weskus. Die kerk as teken van die bymekaarkompunt word hier gebruik om te wys dat hierdie mense eintlik net doodgewone	

	mense is wat ook die lewe in al sy mooi en hartseer saam ervaar. √√√	(3)
1.5 [3]	Wit simboliseer vrede en reinheid. Leendra ervaar eindelijk vrede wanneer sy met Samuel trou. √√	(2)
1.6 [3]	Miss Sweetie en Bontie Bonthuys het gehuil (dit dui oënskynlik op hartseer), maar dit was trane van blydschap. Hulle was so bly dat Leendra en Samuel trou dat dit hul tot trane gedwing het. √√	(2)
1.7 [4]	Ja, Leendra het beslis tot nuwe insigte omtrent die lewe gekom. Ontwikkeling, verdieping en groei is in haar karakter waargeneem. Leendra was aanvanklik bitter, hartseer en opstandig. Aan die einde van die verhaal ervaar sy vrede en geluk. √√√	(3)
1.8 [5]	Hierdie gemeenskapsverhaal eindig funksioneel op 'n positiewe noot om die leser met die nodige positiewe gevoel te laat. Dit pas by die genre en dra by tot die lekker gemaklike leeservaring van <i>Droomdelwers</i> . Dit is hoe dit hoort – almal wil weet dat dinge in die gemeenskap ten goede uitgedraai het vir dié wat agterbly. Die gelukkige einde gee die leser hoop en vertroue in die mensdom en gemeenskappe. √√√	(3)
1.9 [1]	Die Rebekka Cupido Gemeenskapsaal √	(1)
1.10 [2]	Oom Kêppies gaan koop die lyntjiesboek, potlood en uitveër, want hy wil die verhaal van sy kontrei neerskryf. Die implikasie is dus dat die leser eintlik oom Kêppies se verhaal oor sy mense gelees het. Dit verklaar hoekom oom Kêppies deurentyd as verteller tussendeur die gebeure ook optree. Hy het hierdie verhaal, <i>Droomdelwers</i> , oor sy kontrei aan ons vertel. √√√	(3)
1.11 [5]	Leerders se eie mening; Ja – die gelukkige einde, waar dit blyk dat alles vir almal goed en positief uitgedraai het, laat die leser goed voel. Nee – daar is te veel negatiewe gebeure wat in hierdie verhaal na vore gekom het. √√	(2)

## AFDELING F: WOORDESKATUITBREIDING

### Woordeskatuitbreiding 1 (bl. 116)

#### Dwars

---

1. **SKOPPELMAAI**—Skommeltoestel waarin kinders heen en weer swaai (bl. 55)
5. **ONOPGESMUK**—Eenvoudig
6. **GRANIET**—Harde, korrelagtige kristalklip (bl. 47)
8. **DROOGLÊ**—Grond wat nat of onder water is, vir landbou geskik maak (bl. 57)
9. **STEENGROEF**—Plek waar klippe uitgegrawe word (bl. 59)
10. **HANDLANGER**—Iemand wat ander oral help (bl. 30)

#### Af

---

2. **KOEKEMAKRANKA**—Inheemse bolplant met welriekende peulvrug en genesende eienskappe (bl. 53)
3. **JOVIAAL**—Blymoedig, vrolik (bl. 18)
4. **HELLEVEEG**—Feeks, boosaardige vrou (bl. 65)
7. **HARDER**—Kleinerige soort seevis (bl. 66)

### Woordeskatuitbreiding 2 (bl. 116)

#### Dwars

---

2. **GESPUIS**—Onderste lae van die bevolking, gepeupel (bl. 58)
3. **NETELIG**—Moeilik, lastig (bl. 88)
6. **BUFFER**—Stamper voor en agter aan 'n motor (bl. 91)
7. **MURASIE**—Ou vervalle muur, ruïne (bl. 82)
8. **TULBAND**—Soort doek wat om die kop gedraai word (bl. 77)
9. **RISSIEPIT**—Pit van die gedroogde vrug van 'n plant wat tot peper gemaal is, kwaai vroumens (bl. 76)

#### Af

---

1. **ASSURANSIE**—Beskerming deur 'n ooreenkoms te tref met 'n versekeringsmaatskappy wat onderneem om teen 'n sekere gereelde paaient iemand te vergoed vir skade deur brand, diefstal, ens. (bl. 81)
3. **NOODLOTTIG**—Wat ellende veroorsaak, dodelik (bl. 81)
4. **LAGUNE**—Tydelike opdamming van 'n rivierloop deur seesand, strandmeer
5. **AFGETROKKE**—Verdiep in gedagtes (bl. 93)

### Woordeskatuitbreiding 3 (bl. 116)

#### Dwars

---

1. **SPERVUUR**—Moeilikheid, digte geweervuur om 'n bepaalde terrein vir die vyand ontoeganklik te maak (bl. 96)
3. **GRUIS**—Verbryselde klip (bl. 95)
8. **SEGS MAN**—Iemand wat informasie verskaf, informant (bl. 113)
9. **KAPOKHOENDER**—Dwergagtige hoendersoort (bl. 127)
10. **HALSSTARRIG**—Hardkoppig, hardnekkig (bl. 129)

## Af

---

2. **PASTORIE**—Woning van die predikant (bl. 117)
4. **SLAGOFFER**—Iemand wat vernietig word of ly as gevolg van 'n negatiewe gebeurtenis (bl. 108)
5. **IBIS**—Voël aangetref in die mere en moerasse van die warmer lande (bl. 86)
6. **BESPIED**—Noulettend waarneem (bl. 106)
7. **DONATEUR**—Iemand wat iets aan 'n ander skenk (bl. 114)

Woordeskatuitbreiding 4 (bl. 117)

## Dwars

---

1. **REDDINGSBOEI**—Onsinkbare stof waaraan 'n drenkeling bo water kan bly, drywende ring van ligte (bl. 175)
5. **SKARMINKEL**—Lang, maer mens; stout mens (bl. 136)
8. **STOOTSKRAPER**—Meganies aangedrewe skop vir die gelykmaak van paaie, opstoot van grond, ens. (bl. 129)
10. **WORSTEL**—Veg, stoei, stryd voer (bl. 161)

## Af

---

2. **SWEIS**—Aanmeekaarsmee, met (brons)legering verbind (bl. 158)
  3. **KAJUIT**—Sitruimte vir die bestuurder in 'n stootskraper (bl. 129)
  4. **BEENDERE**—Meervoud van been, met die betekenis van die harde gedeelte van die mens of dier se geraamte (bl. 178)
  6. **MUIHOND**—Klein roofdier wat, wanneer hy aangeval of gesteur word, 'n oorweldigende stank kan versprei (bl. 127)
  7. **FAKSIE**—Politieke party, klik of groep wat meer eie voordeel soek (bl. 154)
  9. **SITER**—Snaarinstrument met vier of meer snare (bl. 161)
-